

Donderdag 8 April

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:8-31

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:28

Die kind van God word deur die Gees verwek

Vanaf vers 8-11 spreek Paulus die Galasiërs aan omdat hulle op die punt staan om terug te val in die groef van wettiese godsdienstige reëls. Want sou hulle dit doen, gaan hulle ook hulle status as kinders van God verloor. Dan gaan hulle maar weer slawe van afgode word.

Vanaf vers 21 -31 gebruik Paulus die geskiedenis van die geboortes van Ismael en Isak om sy standpunt van die slawerny onder die wet, en die vryheid in Christus nog verder te verduidelik. Hierdie twee se geboortes illustreer twee teenoorgestelde opvattinge oor die wyse waarop die mens tot verlossing kan kom. Dit gaan hier nie om die kontras in sosiale status tussen die twee seuns nie. Dit gaan om die wyse waardeur elkeen in die lewe gekom het.

- Isak is kragtens 'n belofte verwek en gebore. Dit was die resultaat van vertroue op 'n belofte van God. Toe daar menslik gesproke geen hoop meer was dat Sara geboorte sou kon skenk nie en sy selfs gelag het oor die aankondiging dat sy 'n seun in die wêreld sou bring, *was dit God se belofte wat hierdie hoop lewendig gehou het en was dit God Self wat uiteindelik ook sy belofte nagekom het.*
- Daarteenoor was Ismael se geboorte die direkte gevolg van ongeloof in God se trou, maar dit was ook menslike plannetjies. Sara het oortuig geraak dat God nie sy belofte van 'n nageslag vir Abraham by haar sou nakom nie, toe het sy ingegryp in die gang van God se hantering van die saak en het sy Abraham na sy slavin Hagar toe gestuur. Haar plan was skynbaar suksesvol, want Hagar het swanger geraak. Abraham sou 'n seun hê, 'n nageslag. Tog het haar plan nie in sy doel geslaag nie, want Ismael sou kragtens die aard van sy geboorte niks anders as 'n slaaf wees nie.

Paulus wys in vers 28 aan die Galasiërs dat Isak as kind en erfgenaam gereken is, nie omdat sy kindskap op natuurlike afkoms berus het nie, maar op geloof in 'n belofte! Hy is deur die Gees in die wêreld gebring, sê vers 29. Daarteenoor is Ismael se geboorte volgens die natuur. Wie is kinders van God? Hulle wat deur die Gees wedergebore word en uiteindelik tot geloof kom. Dat jy in 'n gelowige huis opgroei, verseker nie dat jy 'n kind van God is nie. Wat God vra, is persoonlike geloof... gebore uit die Gees!

Sing: Skrifberyming 12-2:1, 4

Ds. AB van der Walt (Braam) (Plett/Knysna)